



**Attie Brits van Bronkhorstspuit glimlag breed van tevredenheid met sy Ocmis-kruipspuit. Agter hom is die basis van die spuit waaraan die watertoevoer gekoppel word en wat die groot pypkatrol aandryf om die spuitkarretjie aan die stewige pyp in te katrol.**

**H**onderd persent tevrede. Dit is hoe Attie Brits van Bronkhorstspuit oor sy Ocmis-selfloop-kanonspuit voel.

As eienaar van Sterkfontein Veevoere en Sterkfontein Kalahari Red-stoet is Attie 'n besige man wat nie tyd het om met masjiene te sukkel nie. By hom moet 'n ding altyd reg loop en dit is presies wat die Ocmis doen.

Die Ocmis is eenvoudig, stewig en ordentlik gebou sonder fieterjasies wat kan moeilikheid gee, soos sy vorige kruipspuit se komper wat knaend onklaar getrap het. Die Ocmis stel jy om soveel water toe te dien as wat jy wil hê


## Die Ocmis-kruipspuit verseker sukses

en dan kan jy aangaan met jou werk terwyl hy sy werk pligsgetrou doen.

Dis maklik om hom te verstaan en selfs iemand wat niks van besproeiing of spuite weet nie kan dadelik met hom werk, sê Attie.

'n Belangrike voordeel is dat die diens wat Ocmis se verskaffer, Irrigation Unlimited, verskaf, presies in die kol is. Hulle het selfs die onderdele verskaf om sy vorige kruipspuit aan die loop te hou. Irrigation Unlimited is beslis baie ernstig oor die onmiddellike lewering van onderdele, vertel Attie, en hulle reuse onderdelemagasyn is iets om te sien. Dis selde dat hulle nie die regte onderdeel dadelik aan jou kan verskaf nie.

Boonop het Irrigation Unlimited die wil en die kundigheid om enige boer se besproeiing 'n lekker en lonende ervaring te maak. Attie beveel hulle heelhartig vir enige boer aan.

Irrigation Unlimited het verskillende Ocmis-modelle vir verskillende toepassings en bied voortrefflike diens enige plek in die land. 



**Die Ocmis se spuitkarretjie word uitgerol en met die watertoevoerpyp nadergekatrol om 'n strook van 220 meter lank en 30 meter wyd deeglik te benat sodat hierdie hawer flink opkom en gewis geil gaan gedy.**

Vir meer inligting om jou besproeiing lonend en lekker te maak, praat met Tobie van den Heever by 012-736-2121 of 082-658-6054 of [tobie@iunlimited.co.za](mailto:tobie@iunlimited.co.za) of besoek [www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za). Lees ook die artikels in ProAgri 157 en 158 by [www.proagri.co.za](http://www.proagri.co.za) vir meer inligting oor die verskillende Ocmis-modelle en hulle eenvoudige, dog doeltreffende werking.